

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 23 Januarie 2023

VOTUM EN SEËNGROET::

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.

²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

SKRIFLESING EN GEBED:

Tema: Draer van die naam: Christianos

Teks: 1 Petrus 4:16-19

Draers van die naam: christianos.

- Gelowiges het in Joodse kringe as “mense van die Weg” (Hand 9:2 Ou Vertaling) bekend gestaan en in Griekse kringe as “christianos”. Hiërdie verwysing na gelowiges kom slegs drie keer in die Nuwe Testament na vore:
 - (1) in Antiochië (Hand 11:26),
 - (2) Paulus se verdediging voor koning Agrippa (Hand 26:28)
 - (3) eerste brief van Petrus. (1 Pet. 4:16)



Die agtervoegsel “ianos”.

Dit was ‘n algemene gebruik in die Griekse wêreld en beteken “behoort aan” of “deel van”:

- **Kaisar Nero:** Keiser Nero het homself tot god verklaar en opdrag gegee dat sy kopbeeld in elke tempel as god aanbid moes word. Almal wat hom as god aanbid het, het as “kaisarianos” (ianos) bekend gestaan.
- **Herodus:** Die volgelinge van Herodus is herodiane (ianos) genoem. (Markus 3:6)
- **Domitius:** Wanneer ‘n slaaf deel was van die huishouding van Domitius en hy homself vrygekoop het, het hy die naam van sy eienaar aangeneem, Domitianos. Daarmee sê hy dat hy van nou af deel is van die huishouding van Domitius met die voorregte en verantwoordelikhede daaraan verbonde.
- **Christus:** Gelowiges uit die Griekse kultuur het hierdie gebruik oorgeneem en verwys na hulleself as “christianos”, m.a.w. behoort tot die huishouding van God. (Hand. 11: 26) Petrus neem hierdie gebruik oor as hy na gelowiges as “christianos” en draers van die naam verwys. (4:16)

1. As draer van die naam het jy ‘n unieke geestelike DNA!

As gelowige is jy die draer van die naam “christianos” en dit beteken onder andere:

- Dat jy aan die huishouding van God behoort, (1 Pet. 4:17) en daarom ‘n uitverkorene, bywoner en vreemdeling op aarde is; (1 Petr. 1:1,2; 2:11)
- Dat jy deur die krag en woord van God wedergebore is, (1 Pet. 1:3, 23) en daarom deelgenoot aan die goddelike natuur is; (2 Petr. 1:4)
- Dat jy deur die opstanding van Christus met ‘n lewende hoop leef en dat jou erfenis en saligheid veilig deur God in die hemel bewaar word; (1Pet. 1:4-10)
- Dat jy deur die bloed van Christus vrygekoop is van ‘n sinnelose lewenswyse (1 Pet. 1:18), genees is deur Sy wonde (1 Pet. 2:24) en aan God, as Vader, verbind is. (1 Pet. 3:18)



Jy het die DNA van 'n trotse stamboom Ons is nie skaam vir ons familienaam nie, maar trotse draers daarvan. Alle eer kom ons Vader toe. (1 Pet 4:16)

JY IS 'N AREND, OORWINNEND!

2. As draer van die naam moet jy jou kop in die regte rigting draai.

SUIKERBEKKIES VERSUS AASVOËLS

“DAAROM, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. (1 Petr. 1: 13; 4:8)

Volgens Petrus is jy in 'n “oorlog” betrokke en jy moet ten alle tye verstandelik wakker wees en nugter en gebalanseerd optree. Die eise wat gestel gaan word is soms bo-menslik. (verwagting, visie, beplanning, vrees, onsekerheid). Moenie dat die eise en geleenthede van 2022 jou onkant vang nie.

3. As draer van die naam vind jou vorming in die vuuroond plaas.

As draer van die naam kan jy verwag om jouself in die vuuroond van die lewe te bevind:

“Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer gelouter word nie, Ek het jou gelouter in die smeltkroes van ellende. Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit”. (Jesaja 48:10)

“Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Die tyd vir die oordeel het aangebreek; dit begin by die huis van God”. (1 Petrus 4:12,17)

- Blydschap (1 Petr. 1:6)
- Niks vreemds (1 Petr. 4:12)
- Toets en vorm (1 Petr. 1:6; 4:17)



4. As draer van die naam maak jy 'n verskil in die modderbad van die lewe.

As draers van die naam is ons geroep om in die voetspore van Jesus te volg (1 Petr 2:21) en die veelkleurige genade van God aan mense in nood te bedien. Gelowiges gaan hulle in die modderbad van die samelewing bevind. Jou gesig gaan vol modder word, jou hande en jou voete gaan smerig word en jou klere vuil. Ons lees in Lukas 7:33 en 34

“Johannes die Doper het gekom en nie brood geëet of wyn gedrink nie, en julle sê: ‘Hy is van die duiwel besete.’ Die Seun van die mens het gekom, geëet en gedrink, en julle sê: ‘Kyk daar, ’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van tollenaars en sondaars.’ Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.”

- In die modderbad gaan mense nuwe sin en betekenis vind;
- In die modderbad gaan genesing plaasvind;
- In die modderbad gaan mense aan God verbind word; (1 Petr. 4:7-11)

As draer van die naam kan jy jou lewe aan die Skepper toevertrou. ¹⁹Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen:

**“In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos,
HERE, God van trou”. (Psalm 31:5,6)**

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoer: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za **Ondersteun asseblief ons borge!**

Vandag se erediens is geborg deur:

EVERY DAY IS LEG DAY AT

**CYCLE
MANIA**

WE HAVE EVERYTHING YOU NEED

- BICYCLES
- BICYCLE SERVICES
- CYCLING APPAREL
- CYCLING ACCESSORIES
- GIFT VOUCHERS



012 998 8094 | 084 580 9858 | www.cyclemaniasa.co.za

